

## Hoofstuk 3

### Teksvariasie en die oorsake daarvan

Omdat Tekskritiek na sy wese oor verskille in manuskripte (*variante lesings*) handel en ten doel het om te bepaal watter lesings deur skriptors veroorsaak is en watter lesings van die skrywers van die dokumente kom, is dit belangrik om iets te weet van die aard, omvang en oorsake van *teksvariasie*. Daar bestaan vandag geen historiese bronne wat teksvariasie bespreek nie. Behalwe vir enkele aanmerkings deur kerkvaders soos Origenes en Hieronymus oor teksvariasie, is die tekskritikus vandag aangewese op die verskille in die bronne van die Nuwe Testament om te bepaal watter soorte variasie in die proses van oorlewering voorkom en hoe hierdie variasie ontstaan het. Deur die manuskripte met mekaar te vergelyk en die verskille te ontleed, kan egter heelwat van die aard, omvang en oorsake van teksvariasie uitgevind word.

Voordat die aard en oorsake van teksvariasie bespreek word, is dit nodig om aan enkele terme aandag te gee: *Variasie* of *teksvariasie* is 'n oorkoepelende term wat op die bestaan van verskille in die bronne van die teks van die Nuwe Testament betrekking het. Dit verwys dus na die verskynsel dat daar verskille in die bronne voorkom. Die term *teksskorsie* word soms as alternatiewe term gebruik. 'n *Variante lesing*, soms ook genoem *lesing* of *variant*, word gebruik om na die bewoording van 'n bepaalde manuskrip te verwys waar daar variasie in die bronne voorkom. Dit is dus die onderskeie elemente waaruit *teksvariasie* bestaan. 'n *Variasie-eenheid* is die totaal van alle variante lesings op elke plek waar variasie voorkom. Lk 24: 53 is 'n goeie voorbeeld. Die teks lees soos volg (verskille word tussen hakies geplaas): καὶ ἦσαν διὰ παντὸς <sup>1</sup>(ἐν τῷ λεῖψῳ<sup>a</sup>/weggelaat<sup>b</sup>) <sup>2</sup>(εὐλογοῦντες<sup>a</sup>/αἰνοῦντες<sup>b</sup>/αἰνοῦντες καὶ εὐλογοῦντες<sup>c</sup>/εὐλογοῦντες καὶ αἰνοῦντες<sup>d</sup>) τὸν Θεόν <sup>3</sup>(ἀμήν<sup>a</sup>/weggelaat<sup>b</sup>). In hierdie vers kom drie *variasie-eenhede* voor, elk gemerk met 'n syfer in boskrif. Die eerste variasie-eenheid bestaan uit twee *variante lesings*, die tweede uit vier en die derde weer uit twee - elk gemerk met 'n letter in boskrif. Al hierdie sake saam vorm die *variasie* of *teksvariasie* in Lk 24: 53. Elke variasie-eenheid is dus 'n *tekskritiese probleem*.

**Literatuur:** Oor die terme variasie, variasie-eenheid en variante lesing: Clemons 1974; Colwell & Tune 1964; Epp 1976c. Oor teksvariasie en die oorsake daarvan in die algemeen: EG Edwards 1977; Finegan 1974; Greenlee 1964; Junack 1978; 1981; Kenyon 1912; Kilpatrick 1976; Metzger 1968b; Nida 1981a; Souter 1960; V Taylor 1961; Vaganey 1937.

## 1. DIE AARD VAN TEKSVARIASIE

### 1.1 Soorte

Daar kom 'n hele aantal soorte teksvariasie in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament voor. Die belangrikste is die volgende:

**Literatuur:** Clemons 1974; Colwell & Tune 1964; Fee 1978/79; 1980a; Zuntz 1953.

#### (a) Byvoeging

Een van die mees algemene vorme van teksvariasie is *byvoeging*. Dit beteken dat daar woorde, frases, sinne of paragrawe in sekere manuskripte voorkom wat nie in ander voorkom nie, en wat na alle waarskynlikheid nie oorspronklik deel van die teks was nie. Wanneer dit meer as net woorde raak, veral in die geval van sinne, word van *interpolasies* gepraat.

Daar is letterlik duisende voorbeelde van die byvoeging van woorde. Van die bekendste is die neiging van skriptors om die naam van Jesus eksplisiet by te voeg wanneer implisiet na hom in die teks verwys word, byvoorbeeld in Hb 7: 14, waar 'n aantal manuskripte  $\delta\ \kappa\upsilon\rho\iota\omicron\varsigma\ \eta\mu\omega\nu\ \prime\iota\eta\sigma\omicron\upsilon\varsigma$  (ons Here *Jesus*) in plaas van  $\delta\ \kappa\upsilon\rho\iota\omicron\varsigma\ \eta\mu\omega\nu$  (ons Here) het. Voorbeelde van die interpolasie van sinne of frases is: die byvoeging in enkele minuskels van die *comma johanneum*, die verwysing na die drie hemelse getuienis (in die hemel, die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde - OAB) in 1 Jh 5: 7-8; die byvoeging van die *doksologie* (want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen - OAB) aan die einde van die *Ons Vader* in Mt 6: 13; die eerste kruiswoord van Jesus (Toe sê Jesus: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie' - NAB) in Lk 23: 34 en die storie van die engel wat die water geroer het by die bad van Betesda in Jh 5: 3-4 (wat vir die roering van die water gewag het. Want 'n engel het op bepaalde tye neergedaal in die bad en die water geroer. Die een wat dan die eerste ingaan na die roering van die water, het gesond geword, aan watter siekte hy ook al gely het - OAB). Slegs twee gevalle van die byvoeging van perikope of paragrawe is bekend. Die eerste is die vertelling van die owerspelige vrou, die *pericope de adultera*, in Jh 7: 53-8: 11, en die tweede die slot van die Markusewangelie in Mk 16: 9-20.

Die hele probleem rondom die byvoeging (en weglating) van stof en die tekskritiese beoordeling daarvan, hang nou saam met die literêre beoordeling daarvan (literêr in die tradisionele sin van die woord). In baie gevalle van die byvoeging/weglatting van veral groter dele soos sinne en perikope, is die

bronnekwessies en die oorlewering van die teks baie nou met mekaar verweef. Die vraag wat in baie gevalle beantwoord moet word, is in watter stadium die byvoeging/weglating plaasgevind het, vóór of ná die redaksionele afronding en algemene aanvaarding van die teks. Hierdie probleme, en die implikasies daarvan, het tot dusver weinig aandag in die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek ontvang.

**Literatuur:** K Aland 1967d; AC Clark 1918; JK Elliott 1972c; Zuntz 1953.

### (b) Weglating

Die keersy van byvoeging is weglating en omdat die oorspronklike dokumente verlore is, is dit moeilik om te besluit of 'n gedeelte wat in sekere manuskripte voorkom en in andere nie, in die manuskripte waarin dit voorkom, bygevoeg is, en of dit in die manuskripte waarin dit ontbreek, weggelaat is.

Al die voorbeelde van byvoeging en interpolasie wat hierbo genoem is, kan dus ook as voorbeelde van weglating gebruik word. Om enkeles by te voeg: D en enkele manuskripte van die *Vetus Latina* laat die frase οὐκ ἔστιν ὠδὲ, ἀλλὰ ἐγήθη (Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek) in die opstandingsvertelling van Jesus in Lk 24: 6 weg. In die Lukaanse vertelling van die instelling van die Nagmaal in Lk 22: 17-20 laat verskillende manuskripte verskillende dele weg. Die bekendste is verse 19b-20 (wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis. Met die beker na die maaltyd het hy net so gemaak en gesê: Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.), wat in D en enkele vertalings ontbreek. In die bespreking van die byvoegings hierbo, is gesê dat die slot van die Tweede Evangelie, Mk 16: 9-20, na alle waarskynlikheid in sommige manuskripte bygevoeg is. Dit beteken egter nie noodwendig dat die Markusevangelie by 16: 8 opgehou het nie. Die oorspronklike slot is waarskynlik op 'n baie vroeë stadium in die oorleweringproses weggelaat.

**Litcratuur:** AC Clark 1914; 1918.

### (c) Samevoeging of konflasie

Soms het 'n skriptor twee of drie manuskripte voor hom gehad wanneer hy gekopieer het, of die archetipe waarvan hy gekopieer het, het verskil van die teks wat hy goed geken het. In baie sulke gevalle het skriptors twee variante lesings tot een saamgevoeg om 'n keuse te vermy.

Lk 24: 53 is 'n klassieke voorbeeld: Sommige manuskripte lees αἰνοῦντες

(terwyl hulle geprys het); ander het εὐλογοῦντες (terwyl hulle gedank het); hierdie twee lesings is in 'n derde groep saamgevoeg tot αἰνούντες καὶ εὐλογοῦντες (terwyl hulle geprys en gedank het) en in 'n vierde tot εὐλογοῦντες καὶ αἰνούντες (terwyl hulle gedank en geprys het). Dieselfde verskynsel het moontlik ook 'n rol gespeel in die totstandkoming van die lesing αὐτῶν καὶ τῶν ἀρχιερῶν (van hulle en die hoëpriesters) in Lk 23: 23, wat 'n samevoeging van αὐτῶν (van hulle) en τῶν ἀρχιερῶν (van die hoëpriesters) is.

**Literatuur:** Westcott & Hort 1974; Pickering 1980.

#### (d) Verskuiwing of transposisie

Soms is 'n bepaalde gedeelte uit sy normale posisie na 'n ander plek verskuif, soms selfs na 'n totaal ander Bybelboek.

Die vertelling van die owerspelige vrou, die *pericope de adultera*, kom in sommige van die manuskripte waarin dit oorgelewer is, nie op sy tradisionele plek (Jh 7: 53-8: 11) voor nie, maar elders in die Johannes- of selfs die Lukasevangelie: In f<sup>1</sup> en die Armeense vertaling volg dit na Jh 21: 25, in f<sup>13</sup> volg dit na Lk 21: 38, terwyl dit in *Kodeks 225* na Jh 7: 36 geplaas word. Die vertelling van Jesus se sweet wat soos bloeddruppels geword het tydens sy gebed in die tuin van Getsemane voor sy kruisiging in Lk 22: 43-44 ('n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val) kom in f<sup>13</sup> na Mt 26: 39 voor. 'n Besondere en baie algemene soort transposisie raak die woordorde. In Hd 1: 13 verskil die volgorde van die name van die apostels, byvoorbeeld: Terwyl sommige manuskripte 'Ιωάννης καὶ 'Ιάκωβος καὶ 'Ανδρέας (Johannes en Jakobus en Andreas) lees, lees *Kodeks E* 'Ανδρέας καὶ 'Ιάκωβος καὶ 'Ιωάννης (Andreas en Jakobus en Johannes). Die meerderheid manuskripte lees egter 'Ιάκωβος καὶ 'Ιωάννης καὶ 'Ανδρέας (Jakobus en Johannes en Andreas). Duisende gevalle van teksvariasie raak die woordorde.

**Literatuur:** Jordaan 1980; 1986.

#### (e) Vervanging of substitusie

'n Baie algemene soort variasie het voorgekom waar skriptors uitdrukkings, hetsy woorde, frases of sinne, met alternatiewe uitdrukkings vervang het.

Daar is duisende voorbeelde hiervan: Waarskynlik die mees algemene

voorbeeld van vervanging is die vervanging van ἡμεῖς (ons) met ὑμεῖς (julle) en andersom, byvoorbeeld in Jh 19: 54; Hd 13: 26 en 19: 37, om maar net enkele gevalle te noem. Hierdie soort variasie het veral die vervanging van sinonieme, byvoorbeeld ἀνομία (wetteloosheid) en ἁμαρτία (sonde) in 1 Ts 2: 3, of alternatiewe taalkundige konstruksies, byvoorbeeld ἐποίησεν (hy het gedoen) en ποίει (hy doen) in Jh 7: 31 of ἄρει (niemand lê dit af nie) en ἦρεν (niemand het dit afgelê nie) in Jh 10: 18 ingesluit. Soms het dit egter ook die inhoud van die teks geraak, byvoorbeeld in 1 Kor 13: 3 waar καυχῆσθαι (roem) in sommige en καθήσθαι (verbrand) in ander manuskripte voorkom.

#### (f) Kombinasie van bogenoemde

In sommige variasie-eenhede kom 'n kombinasie van twee of meer van bogenoemde soorte variasie voor. Lk 20: 45 is 'n goeie voorbeeld: Tussen die twee lesings τοῖς μαθηταῖς αὐτοῦ (vir sy dissipels) van die meerderheid manuskripte en τοῖς ἑαυτοῦ μαθηταῖς (vir sy eie dissipels) van Γ, 235 en 'n aantal leksionaria speel sowel transposisie (woordeorde) as substitusie (sinonieme) 'n rol. In 'n derde lesing, τοῖς μαθηταῖς (vir die dissipels) in B D it<sup>d</sup>,<sup>1</sup> en die Armeense vertaling, kom die verskynsel van weglating/byvoeging na vore, terwyl die lesing in Q, πρὸς αὐτούς (vir hulle), weer met substitusie of vervanging te make het. 'n Radikale kombinasie van bogenoemde soorte variasie het daartoe gelei dat groter gedeeltes soms in geheel herskryf is. Dit gebeur dikwels in die teks van *Kodeks Bezae*, veral in Handelingte.

## 1.2 Terreine

Soos in die bespreking hierbo gesuggereer, raak die variasie in die manuskripte elke aspek van die teks. Dit sluit in letters, woorde, frases, sinne en groter tekseenhede en het betrekking op die ortografie, die taalkunde en die inhoud en betekenis van die teks. Verreweg die grootste gedeelte van die variasie raak klein detail soos ortografie. Minder raak taalkundige aspekte. Hoewel alle variasie seker op die een of ander wyse op die inhoud betrekking het, is daar waarskynlik in die geheel gesien baie min variasie-eenhede wat die inhoud van die teks direk raak en wat 'n bepaalde verskil aan die vertaling en verklaring van die betrokke gedeelte maak.

## 1.3 Datering

Daar is vandag min of meer konsensus dat die belangrikste variasie in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament na die vroegste tye van oorlewering

teruggevoer kan word. Hoewel daar onder die Middeleeuse manuskripte steeds nuwe variasie voorkom, is dit duidelik uit selfs die enkele manuskripte uit die eerste twee of drie eeue van oorlewering wat vandag beskikbaar is, dat verreweg die meeste variante lesings en daarmee saam ook die belangrikste, wat die grootste impak op die inhoud van die teks het, reeds in die eerste twee eeue voorgekom het. Baie redes kan hiervoor aangevoer word. Die belangrikste is waarskynlik die posisie van hierdie geskrifte in die vroeë kerk. Terwyl die stryd om die erkenning en aanvaarding vir vier eeue voortgeduur het, was daar soveel ander geskrewe en mondelinge tradisies in hierdie tydperk in omloop, dat dit verwag kan word dat die geskrifte voor die amptelike erkenning daarvan uit hierdie bronne aangevul en gekorrigeer sou word. Namate die boeke groter erkenning geniet het, is hulle waarskynlik met al hoe meer ontsag hanteer en het die verandering aan die teks daarvan algaande afgeneem.

**Literatuur:** KW Clark 1966; JK Elliott 1974; Kilpatrick 1976.

## 2. OORSAKE VAN TEKSVARIASIE

Die oorsake van teksvariasie kan in twee hoofgroepe ingedeel word, naamlik onbewuste variasie of foute en doelbewuste variasie of veranderinge. *Onbewuste variasie* vind plaas wanneer 'n skriptor in die proses van kopiëring die lesing van die archetipe waarvan hy kopieer in die manuskrip wat hy besig is om te kopieer verander, sonder dat hy dit bedoel of daarvan bewus is. Sulke veranderinge kom eers later aan die lig wanneer die korrektor die teks moet korrigeer of wanneer 'n volgende skriptor weer hierdie manuskrip as archetipe gebruik. *Doelbewuste variasie*, daarenteen, kom voor wanneer die skriptor om die een of ander rede oor 'n bepaalde lesing in die archetipe waarvan hy kopieer wonder, en dit dan bewustelik in die manuskrip wat hy kopieer, verander.

### 2.1 Onbewuste variasie (foute)

#### 2.1.1 Sigfoute

Die wyse waarop skriptors hul kopieerwerk gedoen het, het soms tot variasie aanleiding gegee. *Sigfoute* het voorgekom waar skriptors deur middel van die leesproses gekopieer het - waar hy dus 'n manuskrip gelees het en dit wat hy lees oorgeskryf het.

(a) Letterverwarring

In die unsiaalmanuskripte, waarin alle letters ewe groot was, is letters wat min of meer dieselfde vorm gehad het, soms met mekaar verwar. Dit het veral voorgekom by letters soos Δ, Α en Λ of Ε, Σ, Θ en Ο of Γ, Π en Ι of Ν en Μ. Die probleem is vererger deur die gebruik van *scriptuo continua*, wat die onderskeid tussen sulke letters nog moeiliker gemaak het. Dit het meegebring dat letters soms omgeruil, vervang of weggelaat is. 'n Goeie voorbeeld kom in Hd 20: 35 voor, waar sommige manuskripte κοπιῶντα ἔδει (arme - enkelvoud) in plaas van κοπιῶντας δει (armes - meervoud) lees. Die fout spruit waarskynlik daaruit dat die skriptor die sigma (ς) van κοπιῶντας met 'n epsilon (ε) verwar het. Net so het die verwarring tussen die dubbele lambda en mu in Rm 6: 5 waarskynlik die variasie tussen ἀλλά (maar) en ἀμᾶ (tegelyk) in die betrokke teks meegebring.

(b) Nomina Sacra

Die gebruik van *nomina sacra* in die manuskripte het soms ook tot foute as gevolg van letterverwarring aanleiding gegee, veral wanneer die strepie bokant die *nomen sacrum* onduidelik geword het. Soms kon 'n gewone woord egter ook vir 'n *nomen sacrum* aangesien word, veral as die manuskrip nie meer in 'n goeie toestand was nie en as daar strepe op die manuskrip voorgekom het. 'n Interessante voorbeeld van laasgenoemde is waarskynlik in die aanvang van die lied in 1 Tm 3: 16 te vinde, waar sommige manuskripte Θεός (God) lees en ander ὅς (hy wat). Die *nomen sacrum* vir Θεός (God) is ΘΣ, wat baie soos die betreklike voornaamwoord ΟΣ (hy wat) lyk. Laasgenoemde lesing kon dus ontstaan het nadat 'n skriptor die *nomen sacrum* ΘΣ (God) verkeerderlik as die relatief ΟΣ (hy wat) geles het, omdat die strepies van die theta in die *nomen sacrum* dof was in die archetipe waarvan hy gekopieer het. Die teenoorgestelde kon egter ook gebeur het, deurdat die skriptor die ΟΣ (hy wat) vir die *nomen sacrum* ΘΣ (God) aangesien het en dit in sy manuskrip geskryf het.

(c) Homoioteleuton en homoioarkton

'n Besondere vorm van letterverwarring kom voor waar woorde op dieselfde (of naastenby dieselfde) letters begin (*homoioarkton*) of eindig (*homoioteleuton*). Hierdie verskynsel het soms daartoe aanleiding gegee dat 'n woord of frase dubbeld geskryf is (*dittografie*) of dat dit weggelaat is (*haplografie*). Lk 10: 31 en 32 eindig beide met dieselfde woord ἀντιπαρῆλθεν (verbygegaan) en die weglating van vers 32 in enkele manuskripte, waaronder *Kodeks X*, kan hieraan toegeskryf word. Die

skriptor het naamlik vers 31 tot by die woord ἀντιπαρῆλθεν (verbygegaan) gelees, dit in sy manuskrip gekopieer, opgekyk na die manuskrip waarvan hy gekopieer het om voort te gaan, die woord gesien wat hy pas neergeskryf het en by die volgende woord (vers 33) begin, sonder dat hy gemerk het dat die betrokke woord twee keer voorkom en dat hy die voorafgaande gedeelte (vers 32) weggelaat het. In Lk 7: 21 laat *Kodeks Ξ*, byvoorbeeld, die lidwoord τό voor die infinitief βλέπειν (om te sien) weg. Dit is waarskynlik daaraan te wyte dat dieselfde letters die einde van die vorige woord vorm: ΕΧΑΡΙΣΤΟΤΟΒΑΗΠΕΙΝ. 'n Voorbeeld van *dittografie* as gevolg van *homoioteleuton* kom in Hd 19: 34 voor, waar die uitroep μεγάλη ἡ Ἄρτεμις Ἐφεσίων (Groot is Artemis van die Efesiërs!) twee keer in *Kodeks B* voorkom, wat waarskynlik te wyte is aan die herhaling van die uitgang -ων: ΚΡΑΖΟΝΤΩΝΜΕΓΑΛΗΗΑΡΤΕΜΙΣΕΦΕΣΙΩΝ. Die skriptor het die -ων van Ἐφεσίων (van die Efesiërs) gekopieer - nadat hy die hele frase oorgeskryf het - opgekyk en die -ων van κρᾶζόντων (terwyl hulle uitroep) raakgesien. Omdat hy gedink het dat dit die -ων is wat hy pas gekopieer het, het hy bloot met die volgende woord μεγάλη (groot) voortgegaan en, omdat hy nie goed gekonsentreer het nie, het hy nie besef dat hy die frase pas neergeskryf het nie.

**Literatuur:** AC Clark 1918; JK Elliott 1981c; Nida 1981a.

## 2.1.2 Gehoorfoute

Skriptors wat in skriptoria gekopieer het, waar dit die gebruik was dat iemand voorlees en die skriptors op gehoor kopieer, het eiesoortige foute gemaak.

**Literatuur:** Moir 1981; Nida 1981a.

### (a) Klankverwarring

Ook in hierdie geval het letterverwarring (eintlik klankverwarring) tot foute aanleiding gegee. Dit gaan in hierdie geval veral om letters wat dieselfde of naastenby dieselfde uitgespreek is. Dit was soms moeilik om tussen die e-klank van die lang eta η en die kort epsilon ε te onderskei. Dieselfde geld die lang omega ω en kort omikron ο. 'n Voorbeeld van laasgenoemde kom in Rm 5: 1 voor, waar 'n aantal manuskripte die indikatiefvorm ἔχομεν (ons het) en 'n aantal ander weer die subjunktiefvorm ἔχωμεν (laat ons dan hê) lees. Nog 'n voorbeeld van hierdie soort variasie kom in Hb 6: 3 voor, waar sommige manuskripte ποιήσομεν (ons maak) en ander ποιησώμεν (laat ons maak) lees. In Hd 11: 11 lees sommige manuskripte



ἦμην (ons was) terwyl ander ἦμεν (ons is) lees, wat duidelik aan die verwarring van die e-klank te wyte is.

**(b) Itasisme**

'n Besondere soort variasie wat aan gehoorfoute toe te skryf is, is die *itasisme*. Die tendens in die uitspraak van Grieks was om alle α-, ε-klanke en sommige diftongklanke soos αι- en ει- as 'n plat e-klank uit te spreek. Daar is baie voorbeelde van variasie wat aan itasisme toegeskryf kan word. Die drie vorme κατώκισεν, κατωκῆσεν en κατωκείσεν in die manuskripte van Jk 4: 5 is waarskynlik aan hierdie verskynsel te wyte. 'n Paar verse vroeër in dieselfde boek kom εἰ δέ (en as) in sommige manuskripte en ἴδε (kyk) in ander voor (Jk 3: 3). Die variasie tussen die woorde κλέπτης (dief) en κλέπτας (diewe) in 1 Ts 5: 4 is moontlik ook aan itasisme toe te skryf, terwyl die keuse tussen die enkelvoud of meervoud van διαθήκη (verbond) in Rm 9: 4, waar sommige manuskripte ἡ διαθήκη (verbond) en ander αἱ διαθήκαι (verbonde) lees, waarskynlik ook aan hierdie verskynsel te wyte is.

**(c) Konsonantverwarring**

Hoewel hierdie soort letterverwarring of klankverwarring in besonder vokale geraak het, het dit ook soms variasie in konsonante tot gevolg gehad. In besonder het hierdie soort variasie die dubbelkonsonante, soos die ξ en ψ, en die verdubbeling van 'n konsonant in 'n woord, soos 'n dubbel σ geraak. In Jh 1: 13 lees sommige manuskripte ἐγεννήθησαν (gebore word) en ander ἐγενήθησαν (was gewees). In Mt 2: 6 lees 'n enkele manuskrip ἐξ οὗ (waaruit) in plaas van ἐκ σου (uit jou).

**(d) Woordverdeling**

Soms het hierdie probleem ook aanleiding gegee tot 'n foutiewe verdeling van woorde, ofskoon dit ook aan die gebruik van die *scriptura continua* gewyt kan word. In Jh 8: 25 is dit, byvoorbeeld, onseker of daar moet staan ὅτι (dat, omdat) of ὅ τι (dit wat).

**2.1.3 Gedagte-/geheuefoute**

Foute as gevolg van dwalende gedagtes is talryk en kon onder enige omstandighede voorgekom het. Ten opsigte van skriptors wat van manuskripte gekopieer het wat hulle self gelees het, het dit gewoonlik plaasgevind wanneer 'n skriptor se aandag

nie volledig by sy werk bepaal was nie en hy reël vir reël of sin vir sin (eerder as letter vir letter of woord vir woord) gekopieer het. Hy het dan 'n reël of sin ge lees, dit onthou en oorgeskryf op sy manuskrip. Omdat hy egter nie gekonsentreer het nie, het hy die betrokke reël of sin nie presies onthou nie, maar slegs naastenby en so dus 'n fout in die kopiëring gemaak. Hierdie foute het egter ook voorgekom in skriptoria waar voorgelees is. In sulke gevalle het 'n skriptor se gedagtes eenvoudig begin dwaal, sodat hy nie geluister het wat die voorleser ge lees het nie. In sommige gevalle het hy dan naastenby gekopieer wat ge lees is. Soms het dwalende gedagtes tot totale onsinnighede gelei het.

### (a) Letteromruiling

Die eerste soort variasie wat uit dwalende gedagtes gespruit het, was die omruiling van letters in 'n woord, wat soms die hele betekenis van 'n frase of sin kon verander. In Mk 14: 65 word ἔλαβον (hulle het ontvang) in sekere manuskripte as ἔβαλον (hulle het gegooi) aangegee.

### (b) Sinonieme

'n Algemene fout wat aan hierdie oorsaak te wyte is, is die vervanging van woorde met sinonieme. 'n Paar voorbeelde: In Jh 8: 16 word ἀληθινή (waarheid) in sommige manuskripte aangetref, terwyl ander ἀληθής (waarheid) en 'n derde groep selfs δίκαια (geregtigheid) bevat. In 2 Kor 8: 19 kom σύν (saam met) in sommige en ἐν (in,) in ander manuskripte voor. In 2 Kor 13: 4 word 'n hele voorsetselfrase vervang, deurdat sommige manuskripte ἐν (in) saam met die Datief, andere σύν (saam met) saam met die Datief en 'n derde groep διὰ (deur) saam met die Genitief lees.

### (c) Woordorde

Van die mees algemene variasie in die manuskripte raak die woordorde en daar is letterlik tienduisende gevalle van variasie in woordorde. In 1 Jh 1: 5 kom die woorde ἐν αὐτῷ οὐκ ἔστιν in sommige manuskripte voor, terwyl ander hulle in die volgorde οὐκ ἔστιν ἐν αὐτῷ bevat. In Jh 19: 4 kom die woorde οὐδεμίαν αἰτίαν εὐρίσκω ἐν αὐτῷ in verskillende volgordes in die manuskripte voor: ἐν αὐτῷ οὐδεμίαν αἰτίαν εὐρίσκω of αἰτίαν ἐν αὐτῷ οὐδεμίαν εὐρίσκω of οὐδεμίαν ἐν αὐτῷ αἰτίαν εὐρίσκω of οὐδεμίαν αἰτίαν ἐν αὐτῷ εὐρίσκω.

**Literatuur:** Jordaan 1980; 1982.

#### (d) Assimilasie

'n Gedagte- of geheuefout wat veral in die Sinoptiese Evangelies voorkom, is harmoniëring van parallelle gedeeltes as gevolg van assimilasie. 'n Skriptor wie se gedagtes dwaal, assimileer die woorde wat hy besig is om te kopieer met die woorde van 'n parallelle gedeelte in 'n ander Evangelie wat hy dalk beter ken as die een wat hy besig is om te kopieer. Gevolglik skryf hy die woorde van eersgenoemde in plaas van laasgenoemde in sy manuskrip neer. In Lk 6: 1-5 kom talle voorbeelde van assimilasie voor: In plaas van ἐν σαββάτῳ (op die Sabbat) in Lk 6: 1 lees <sup>176</sup> en enkele manuskripte van die Bohairiese vertaling die meervoud saam met die lidwoord ἐν τοῖς σαββάσι (op die Sabbatte), presies soos dit in Mk 2: 23 voorkom. In Lk 6: 2 word ἔξεστιν ποιεῖν (dit is toelaatbaar om te doen - soos Mt 12: 2) in die meerderheid manuskripte aangetref, terwyl sommige manuskripte slegs ἔξεστιν (dit is toelaatbaar) bevat (soos Mk 2: 24). Dit is moeilik om in hierdie geval te besluit watter lesing geharmonieer is, want in die parallel in Mk 2: 24 ontbreek ποιεῖν (om te doen) en die lesing sonder ποιεῖν kan dus as gevolg van assimilasie met Mk 2: 24 ontstaan het. Aan die ander kant kon die lesing met ποιεῖν (om te doen) weer as gevolg van assimilasie met Mt 12: 2 verklaar word. Dieselfde probleem kom weer voor by Lk 6: 5, waar sommige manuskripte die woorde τοῦ σαββάτου ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου (soos Mt 12: 8) het, terwyl ander die woorde ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου καὶ τοῦ σαββάτου (soos Mk 2: 28) bevat.

**Literatuur:** JK Elliott 1972c; Jordaan 1980; Zuntz 1953.

#### 2.1.4 Oordeelsfoute

Daar is reeds op gewys dat die kantlyne in manuskripte gebruik is sowel om korreksies in die teks aan te bring as om kommentaar op die teks te skryf. Hierdie gebruik het soms tot foute aanleiding gegee, omdat die skriptor soms 'n korreksie vir kommentaar aangesien het (en dit dus nie gekopieer het nie) en in ander gevalle 'n stukkie kommentaar vir korreksies aangesien het (en dit dus by sy manuskrip ingesluit het). So het talle *marginale glosse* waarskynlik in die teks beland. Die byvoeging van die storie dat die engel die water van die bad by Betesda geroer het voordat die siekes ingegaan het om genees te word (Jh 5: 3-4), het waarskynlik op hierdie wys in die teks beland.

## 2.2 Doelbewuste variasie (veranderinge)

### 2.2.1 Die afronding van frases

Talle variasie-eenhede het ontstaan as gevolg van skriptors se pogings om verskillende aspekte van die taal van die Nuwe Testament te verbeter. Hierdie soort verandering sluit veral drie sake in: die uitskakeling of verbetering van taalfoute, die afronding van frases en die verbetering van die skryfstyl in die Nuwe Testament.

#### (a) Taalkundige verbeteringe

Seker die bekendste taalkundige probleem in die Griekse Nuwe Testament kom in Opb 1: 4 voor, waar die voorsetsel ἀπό (van, vanaf) deur 'n Nominatief in plaas van 'n Genitief gevolg word in die uitdrukking ἀπό ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ ὁ ἐρχόμενος (van Hom wat is en wat was en wat kom). Dit is 'n taalkundige konstruksie wat nie in Grieks moontlik is nie. In sommige manuskripte is hierdie probleem opgelos deur die byvoeging van Θεοῦ (God) na ἀπό (van), wat dus die nodige Genitief verskaf het. 'n Tweede voorbeeld van so 'n taalkundige verbetering kan waarskynlik in 1 Kor 13: 3 aangetref word. Sommige manuskripte lees die woord καθησώμαι (sodat ek verbrand kan word) - wat iets soos 'n futurum subjunkties moet wees ('n vorm wat nie in Grieks bestaan nie). Om die probleem op te los het skriptors die vorm na 'n futurum indikatief καθησώμαι (sodat ek verbrand kan word) verander, wat die uitdrukking meer aanvaarbaar maak.

#### (b) Afronding

Binne dieselfde kategorie is pogings om die taal en styl van die skrywers van die Nuwe Testament af te rond deur uitdrukkings uit te brei en frases met voornaamwoorde, voorsetsels, lidwoorde, ensovoorts, te voltooi. In Lk 22: 52 lees sommige manuskripte die eienaam Ἰησοῦς (Jesus) sonder die lidwoord, terwyl die lidwoord in ander bygevoeg is. Op dieselfde wyse is die voorsetsel ἐν (in, deur) waarskynlik in sommige manuskripte in Rm 5: 2 bygevoeg in 'n poging om die Datief τῇ πίστει (deur die geloof) te voltooi.

Hierdie neiging het nie alleen tot grammatikale en taalkundige variasie aanleiding gegee nie, maar het dikwels ook die inhoud van frases en uitdrukkings geraak. In Rm 9: 32 word νομοῦ (van die wet) in die meeste manuskripte by ἔργων (werke) gevoeg om die uitdrukking af te rond (die werke van die wet). In Mk 3: 21 is die woorde οἱ γραμματεῖς καὶ οἱ λοιποὶ (die skrifgeleerdes en die res) waarskynlik bygevoeg om die onderwerp van die werkwoord eksplisiet te maak. In 1 Kor 13: 3

word een lesing in 'n klein groepie manuskripte aangetref waar die persoon van die werkwoord van die eerste na die derde persoon verander is: In plaas van *καυθησώμαι* of *καυθησόμαι* (sodat ek verbrand kan word), lees hierdie manuskripte *καυθήσεται* (sodat dit verbrand kan word). Dit is 'n duidelike poging om die grammatikale probleem die hoof te bied wat deur die eerste persoon veroorsaak word: Indien die eerste persoon gelees word, staan daar: 'Al sou ek my liggaam oorgee sodat *ek* verbrand kan word', wat 'n moeilike uitdrukking is om te verstaan. Die verandering na die derde persoon los die probleem op deurdat dit nou lees: 'Al sou ek my liggaam oorgee sodat *dit* verbrand kan word'.

### (c) Uitbreiding van die Godsnaam

Die naam van Jesus is veral deur hierdie oorsaak van variasie geraak. 'n Duidelike tendens om die naam van Jesus deur allerhande byvoegings uit te brei, is in die manuskripte te bespeur. In 2 Kor 4: 14 lees sommige manuskripte die naam van Jesus in sy kortste vorm: τὸν Ἰησοῦν (Jesus). Ander voeg κύριον (Here) by en maak dit τὸν κύριον Ἰησοῦν (die Here Jesus). 'n Derde groep voeg ἡμῶν (van ons) by en maak dit τὸν κύριον ἡμῶν Ἰησοῦν (ons Here Jesus). *Kodeks 635* bevat dit in die vorm τὸν κύριον Ἰησοῦν Χριστόν (die Here Jesus Christus), terwyl een manuskrip van die oud-Latynse vertaling dit in die vorm τὸν κύριον ἡμῶν Ἰησοῦν Χριστόν (ons Here Jesus Christus) bevat. 'n Besonder moeilike tekskritiese probleem, wat hierdie aspek raak, kom in Mk 1: 1 voor. Sommige manuskripte lees: ἀρχὴ τοῦ εὐαγγελίου Ἰησοῦ Χριστοῦ (Die evangelie van Jesus Christus begin so) terwyl ander υἱοῦ Θεοῦ (Seun van God) byvoeg, en nog ander υἱοῦ τοῦ Θεοῦ (Seun van (die) God): ἀρχὴ τοῦ εὐαγγελίου Ἰησοῦ Χριστοῦ υἱοῦ (τοῦ) Θεοῦ (Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin so). Hoewel dit na 'n duidelike geval van die uitbreiding van die naam van Jesus lyk, kan die kort vorm egter ook die gevolg van weglating as gevolg van *homoioteleuton* wees, omdat daar ses of sewe woorde in die lang lesing is wat op dieselfde letters -ou eindig.

### (d) Attisisme

Onder die pogings om die styl van die Nuwe Testament te verbeter, neem die verskynsel van *Attisisme* 'n belangrike plek in. Dit hou verband met die beweging in die 2de eeu om die taal van Hellenistiese dokumente te verbeter en terug te keer na suiwer Attiese Grieks. Hierdie beweging het ook sy merk op die manuskripte van die Nuwe Testament gelaat. Dit het verskillende vorme aangeneem, byvoorbeeld die vervanging van Semitismes met suiwer Griekse uitdrukkings, of die verbetering

van die gehalte van die Hellenistiese Grieks deur tipiese Hellenistiese woorde of frases met meer Attiese uitdrukkings te vervang. 'n Voorbeeld wat dikwels opgehaal word, is die vervanging van die tipiese Hellenistiese Griekse uitdrukking ἀποκριθεὶς εἶπεν (hy het geantwoord en gesê) met die meer Attiese uitdrukking ἔφη (hy het gesê) in tekste soos Mk 9: 12 en 38. Wat die probleem egter moeilik maak om te bepaal presies wanneer 'n bepaalde uitdrukking die gevolg van die attisisme is, is die feit daar ook 'n anti-Attisistiese beweging voorgekom het in dieselfde tyd, met die gevolg dat bepaalde Attiese uitdrukkings ook met nie-Attiese uitdrukkings vervang is. So kan die ontstaan van die tipiese Hellenistiese uitdrukking in die voorbeeld wat hierbo genoem is, dus ook aan die neiging om attisismes te vermy, toegeskryf word.

**Literatuur:** JK Elliott 1968b; 1969; 1972b; 1974; 1976; 1977d; 1978a; Jordaan 1980; Kilpatrick 1963a; 1965a; 1967a; 1976; 1983a; N Turner 1974.

## 2.2.2 Harmoniëring

### (a) Harmoniëring met parallelle gedeeltes

Hoewel harmoniëring dikwels 'n onbewuste oorsaak gehad het, kom daar in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament ook gevalle van doelbewuste harmoniëring voor. Dit het plaasgevind wanneer skriptors 'n bepaalde gedeelte doelbewus met 'n ander in harmonie wou bring. 'n Klassieke voorbeeld is die teks van die *Ons Vader* in Lk 11: 2-4. In sy oorspronklike Lukaanse vorm (soos in die NAB) het dit baie van die Matteaanse vorm van die gebed in Mt 6: 11-13 verskil. Sommige bedes is anders geformuleer, terwyl die Matteaanse vorm van die gebed meer bedes as die Lukaanse vorm bevat het. In sommige manuskripte is die Lukaanse weergawe van die gebed egter verander deurdat die 'ontbrekende' bedes bygevoeg is en die formuleringe wat verskil, verander is om dit met die Matteaanse vorm in ooreenstemming te bring (soos in die OAB).

### (b) Harmoniëring met die styl van die skrywer

'n Ander vorm van harmoniëring het bestaan uit die nabootsing van die styl van 'n skrywer deur skriptors. 'n Interessante voorbeeld van hierdie soort harmoniëring kom waarskynlik in Mk 7: 35 voor. Waar sommige manuskripte slegs καὶ (en) as voegwoord tussen twee sinne het, lees ander manuskripte die tipies-Markaanse uitdrukking καὶ εὐθύς (en onmiddellik). Hoewel ander faktore inderdaad hier 'n rol kon gespeel het, kan die byvoeging van die bywoord εὐθύς (onmiddellik) moontlik as die gevolg van harmoniëring aan die styl van Markus toegeskryf word.

### (c) Harmoniëring met buite-Bybelse geskrifte

Harmoniëring het nie net tussen frases en uitdrukkings in die Bybel voorgekom nie, maar het ook buite-Bybelse geskrifte as bron gehad. Dit het veral die liturgie geraak. So is die byvoeging van die doksologie (Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen) in sekere manuskripte van die *Ons Vader* in Mt 6: 13 waarskynlik die gevolg van die liturgiese gebruik van die gebed, waartydens dit gebruiklik was om die gebed met so 'n doksologie af te sluit. Omdat die oorspronklike kort gebed in Mt 6: 13 vir mense wat gewoonnd daaraan was om die doksologie in hulle erediensgebode te gebruik, stomp sou eindig, is die doksologie na aanleiding van die liturgiese gebruik daarvan in sommige manuskripte bygevoeg.

**Literatuur:** JK Elliott 1980b; Fee 1978c; 1978/79; 1980c; Greeven 1959/60; Jordaan 1980.

### 2.2.3 Herstel van foute

Soms het teksvariasie self, die bestaan van variante lesings in manuskripte asook pogings om dit uit te skakel of te korrigeer, tot nuwe vorme van teksvariasie aanleiding gegee. Sommige gevalle van woordorde-variasie kan hieraan toegeskryf word. Die skriptor het naamlik die lesing gekopieer, besef dat hy 'n woord uitgelaat het en, in plaas daarvan dat hy dit uitgegee en oorgeskryf het, het hy die woord bloot ingevoeg op die plek waar hy op daardie stadium was, met 'n woordorde wat gevolglik van dié in die archetipe verskil het. Dit het soms ook gebeur dat 'n skriptor gemeen het dat 'n bepaalde lesing foutief is en dat hy dit gevolglik op eie gesag probeer herstel het.

'n Besondere voorbeeld van variasie wat aan hierdie oorsaak toegeskryf kan word, is konflasie. In Lk 7: 10 lees sommige manuskripte *δοῦλον* (die slaaf) en ander *ἀσθενοῦντα* (die sieke). In 'n derde groep is dit saamgevoeg tot *δοῦλον ἀσθενοῦντα* (die siek slaaf). Net so is die lesings *ταῖς ἐπιθυμίαις αὐτοῦ* (aan die begeertes daarvan) in sommige manuskripte en *αὐτῆ* (daaraan) in ander in Rm 6: 12 tot *αὐτῆ ἐν τῆ ἐπιθυμίαις αὐτοῦ* (daaraan en aan die begeertes daarvan) in 'n derde groep saamgevoeg.

**Literatuur:** Kyk by konflasie 1.1(c) hierbo.

### 2.2.4 Opklaar van inhoudelike probleme

'n Besonder interessante bron van variasie was die opklaar van inhoudelike

probleme in die teks. Skriptors wat gemeen het dat die teks om die een of ander rede nie duidelik genoeg was nie, dat dit tot misverstand aanleiding kon gee, of dat dit onvolledig was, het die teks soms na goeie denke verander deur die 'ontbrekende' inligting in te vul of die betrokke lesing te korrigeer. Hierdie soort variasie het veral drie aspekte, naamlik historiese en geografiese aspekte, eksegetiese aspekte en leerstellige aspekte, geraak.

**Literatuur:** JK Elliott 1974; Epp 1962; 1966b; Eshbaugh 1979; Fee 1978/79; Globe 1980; Jordaan 1980; Kilpatrick 1969; JP Lewis 1971; Saunders 1952.

### (a) Historiese en geografiese aspekte

Onder die pogings om *historiese en geografiese* probleme op te klaar het veral name deurgeloopt, en daar is haas geen naam in die Nuwe Testament wat nie ten minste een vorm van alternatiewe spelling het nie. In Jh 1: 28 word die naam Βηθανία (Bethanië) byvoorbeeld in sekere manuskripte met Βηθάβαρα (Betabara) vervang. Ook is dit onseker of Jesus, nadat hy die storm stil gemaak het, na die land van die Γερασσηνοί (Geraseners), Γεργεσηνοί (Gergeseners), Γαδαρηνοί (Gadareners) of selfs Γεργυσθηνοί (Gergustheners) gevaar het (Mt 8: 28; Mk 5: 1; Lk 8: 26). In die geslagsregister van Jesus in Mt 1 is dit onseker of 'Ασά (Asa) of 'Ασάφ (Asaf) (vers 7-8) die vader van Josafat was en of 'Αμώς (Amos) of 'Αμών (Amon) of selfs 'Αμμών (Ammon) (vers 10) die vader van Josia was. Natuurlik kan baie van hierdie soort variasie ook aan onbewuste oorsake te wyte wees.

### (b) Byvoeging van 'ontbrekende' of verhelderende detail

'n Interessante soort variasie wat onder hierdie afdeling val, is die byvoeging van detail wat volgens die skriptor ontbreek het. In Lk 23: 33 word die name van die twee kwaaddoeners wat saam met Jesus gekruisig was, byvoorbeeld in die Latynse manuskrip l as *Joathas* en *Maggatras* bygevoeg. In Jh 8: 7 word dit wat Jesus tydens sy gesprek met die Fariseërs oor die owerspelige vrou op die grond geskryf het, in *Kodeks 264* bygevoeg, naamlik ἐνὸς ἑκάστου αὐτῶν τὰς ἀμαρτίας (elkeen van haar sondes). Ook die byvoeging van die vertelling dat Jesus se sweet soos bloeddruppels geword het tydens sy gebed in die tuin van Getsemane in Lk 22: 43-44 en die verhaal van die engel wat die water geroer het by die bad van Betesda in Jh 5: 3-4, kan aan pogings om 'ontbrekende' detail by te voeg, gewyt word.

**Literatuur:** Metzger 1980b.



**(c) Opklaar van eksegetiese probleme**

Soms het skriptors dele verander wat *eksegetiese* probleme gelewer het. Daar is talle voorbeelde hiervan. In Mk 8: 31 en 10: 34 is die frase μετὰ τρεῖς ἡμέρας (na drie dae) in sommige manuskripte met ἐν τρίτῃ ἡμέρᾳ (op die derde dag) vervang. Die motief is duidelik. Jesus het nie na drie dae, met ander woorde op die vierde dag na sy dood, opgestaan nie, maar op die derde dag, dit wil sê nadat hy twee dae in die graf was. In 'n hele aantal manuskripte word die aanhaling uit die Ou Testament in Mk 1: 2b en 3 met die woorde ἐν τῷ Ἡσαΐα τῷ προφῆτῃ (in die profeet Jesaja) ingelui. Daarvolgens kom die aanhaling wat volg uit die werk van die profeet Jesaja. In werklikheid kom die eerste deel van die aanhaling nie uit Jesaja nie, maar uit Mal 3: 1. Om hierdie probleem die hoof te bied, is die verwysing in sommige manuskripte verander na ἐν τοῖς προφήταις (in die profete). In die instellingswoorde van die Nagmaal in Lk 22: 17-20 kom 'n hele aantal variante lesings voor: Sommige manuskripte behou dit in die bekende vorm. In ander word verse 19b-20 weggelaat. In nog ander word verse 19b-20 weggelaat en word vers 19a voor vers 17 geplaas. In 'n vierde groep word net vers 20 weggelaat en word vers 19 ewe-eens voor vers 17 geplaas. In 'n vyfde groep word vers 17 en 18 weggelaat, terwyl 'n sesde groep al die verse behou, maar in 'n eie volgorde, naamlik vers 19, 20a, 17, 20b, en 18. Die probleem hier is waarskynlik dat die Lukaanse vorm van die instelling van die Nagmaal van die ander vertellings daarvan in Mt 16: 26-30, Mk 14: 22-26 en 1 Kor 11: 23-25 verskil, deurdat daar in Lukas twee keer van die beker sprake is, een keer voor en een keer na die uitdeel van die brood. In elk van die variante lesings word nou 'n poging aangewend om die probleem op te los. 'n Laaste voorbeeld van die oplossing van eksegetiese probleme kom in 1 Kor 13: 3 voor. Die vraag is of die liggaam oorgegee is om verbrand te word (καυθήσομαι) en of dit oorgegee word sodat daarop geroem kan word (καυχήσωμαι). Die probleem met laasgenoemde lesing is dat indien die liggaam oorgegee word ten einde daarop te kan roem, lyk die sin onvoltooid, want daar word nie gesê waarvoor die liggaam oorgegee word nie. Om hierdie probleem die hoof te bied is καυχήσωμαι (roem) waarskynlik verander na καυθήσομαι (verbrand), wat die sin mooi afrond en voltooi.

**(d) Dogmatiese of leerstellige probleme**

Die laaste oorsaak van doelbewuste verandering in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament is in 'n sekere sin ook die interessantste. Dit is veranderinge wat om *leerstellige* of *dogmatiese* redes gemaak is. In Lk 6: 33 is die woorde ὁ πατήρ αὐτοῦ (sy vader) in sommige manuskripte met die naam van Josef Ἰωσήφ vervang

sodat die teks nou lees 'Ἰωσήφ καὶ ἡ μήτηρ αὐτοῦ (Josef en sy moeder). Die doel van die verandering is waarskynlik om die maagdelike geboorte te beskerm en te vermy dat Josef as die vader van Jesus aangedui word. In Mt 24: 36 word die goddelikheid en alwetendheid van Jesus beskerm deurdat die woorde οὐδέ ὁ υἱός (selfs nie die Seun nie) in sekere manuskripte ontbreek. Skriptors kon nie aanvaar dat Jesus wat self God is, nie weet wanneer die wederkoms gaan plaasvind nie, en het die eksplisiete verwysing daarna gevolglik verwyder. In Mk 9: 29 en 1 Kor 7: 5 is die woord τῆ νηστείας (deur vas) in sommige manuskripte by τῆ προσευχῆ (deur gebed) gevoeg, waarskynlik om asketiese praktyke te bevorder. Die bekendste voorbeeld van so 'n dogmatiese verandering is waarskynlik die byvoeging van die verwysing na die 'drie hemelse getuies' in 1 Jh 5: 7-8, aangesien dit die enigste plek in die Bybel sou wees waar die drie-eenheid van God eksplisiet genoem word.

Hierdie soort dogmatiese veranderinge is meestal sporadies aangebring en daar is weinig tekens van sistematiese pogings om leerstellige veranderinge te maak. Die uitsondering is die teks van *Kodeks D* in Handeling, waarin daar 'n anti-Judaïstiese tendens te bespeur is. Daar is talle gevalle in hierdie manuskrip waar frases en selfs sinne en paragrawe geherformuleer is, waar woorde en frases weggelaat of bygevoeg is in 'n poging om die skuld van die Jode vir Jesus se dood, en die rol wat hulle daarin gespeel het, te beklemtoon en te vergroot. Tog is selfs hierdie dogmatiese element geen verdraaiing van wat reeds in Handeling staan nie, maar is dit 'n blote beklemtoning van tendense wat reeds in die boek voorkom. Sover vasgestel kon word is hierdie egter die enigste geval van 'n sistematiese verandering of hersiening van enige deel van die teks op dogmatiese gronde.